

GAUTENGSE DEPARTMENT VAN ONDERWYS
SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

FEB / MAR 2006

AARDRYKSKUNDE SG
(Eerste Vraestel: Teorie)

TYD: 3 uur

PUNTE: 240

INSTRUKSIES:

- Beantwoord VIER vrae: EEN uit Afdeling A
EEN uit Afdeling B
EEN uit Afdeling C
Die VIERDE vraag mag uit ENIGE van die oorblywende vrae gekies word.
 - Alle diagramme verskyn in die BYLAE 502-2/X.
 - Nommer alle vrae wat jy beantwoord in die **middel** van jou antwoordboek.
 - Laat ? **lyn oop** tussen die onderskeie onderafdelings van jou antwoorde op ? vraag.
 - Begin elke nuwe vraag **boaan** ? nuwe bladsy.
 - Moenie die vraagnommers verander nie – nommer volgens die vraestel.
 - Moenie in die kantlyne van jou antwoordboek skryf nie.
 - **Omkring** die vraagnommers wat jy beantwoord het op die voorblad van jou antwoordboek.
 - Skryf **duidelik** en **leesbaar**.
 - Waar moontlik, moet antwoorde met benoemde sketse toegelig word.
 - Krediet sal vir insig gegee word.
-

AFDELING A
FISIESE AARDRYKSKUNDE

Beantwoord minstens EEN vraag uit hierdie afdeling.

VRAAG 1

- 1.1 Bestudeer die sinoptiese weerkaart in **Figuur 1.1** en beantwoord die volgende vrae. Die weerkaart toon winterstoestande.
- 1.1.1 (a) Wat is ? sinoptiese weerkaart? (2)
- (b) Verskaf TWEE bewyse vanaf die sinoptiese weerkaart om te bewys dat wintertoestande heers. (2)
- 1.1.2 Nelspruit en Kaapstad ondervind verskillende weerstoestande gedurende hierdie seisoen. Verwys na **Figuur 1.1** en beskryf die weerstoestande van hierdie twee nedersettings met spesiale verwysing na
- (a) neerslag. (2)
- (b) wolkbedekking. (2)
- (c) temperatuur. (2)
- 1.1.3 Verwys na weerstelsel **X** wat vir die weerstoestande in Kaapstad verantwoordelik is.
- (a) Identifiseer weerstelsel X. $1 \times 2 = (2)$
- (b) Identifiseer die front gemerk **K**. $1 \times 2 = (2)$
- (c) Beskryf enige DRIE weersveranderings wat ? persoon, wat in plek **M** woon, oor die volgende 24 uur sal ondervind. $3 \times 2 = (6)$
- 1.1.4 Verwys na die drie hoogdrukselle, **C**, **D** en **E**.
- (a) Identifiseer hoogdrukselle **C**, **D** en **E** onderskeidelik. (3)
- (b) Watter EEN van hierdie hoogdrukselle speel ? belangrike rol in die weerstoestande wat oor die binneland van Suid-Afrika ondervind word? $1 \times 2 = (2)$
- 1.2 Verwys na **Figuur 1.2** wat die dreineerbekkers, stroompatrone en stroomroef naby Graskop in Mpumalanga toon.
- 1.2.1 Wat is ? dreineerbekkers? (2)
- 1.2.2 Wat noem ons die hoogliggende gebied wat aan die buiterand van die dreineerbekkers lê? (1)
- 1.2.3 Identifiseer die stroompatroon by **A**. Kies EEN van die volgende moontlikhede: dendrities of tralie. $1 \times 2 = (2)$

- 1.2.4 Verwys na stroombekken **A**. Die stroomorde is **3**. Verduidelik hoe ? toename in reënval die volgende sal beïnvloed:
- (a) Die stroomorde by **X**. (toeneem / afneem) 1x2=(2)
 - (b) Die dreineerdigtheid van dreineerbekken **A**. (toeneem / afneem) 1x2=(2)
- 1.2.5 Verwys na dreineerbekken **B**.
- (a) Identifiseer die kenmerke van stroomroof gemerk **1** tot **5**. Kies uit die volgende lysie kenmerke
- Rowende stroom, geroofde stroom, windsaal, verarmde stroom, rooffelmbog*
- (b) Noem die erosieproses wat verantwoordelik vir stroomroof is. 1x2=(2)
 - (c) Skryf die nommer van die stroom neer wat sterker sal vloei nadat stroomroof plaasgevind het. 1x2=(2)
- 1.3 Bestudeer **Figuur 1.3** wat grondprofile toon, voor en na ontbossing in die Graskoparea plaasgevind het.
- 1.3.1 Wat is ? grondprofiel? (2)
 - 1.3.2 Identifiseer die lae gemerk **1**, **2** en **3**. 3x2=(6)
 - 1.3.3 (a) Beskryf hoe ontbossing die grondprofiel verander het. 1x2=(2)
 - (b) Verduidelik hoekom die verandering genoem in Vraag 1.3.3 (a) plaasgevind het. 1x2=(2)
- [60]**

VRAAG 2

- 2.1 Verwys na **Figuur 2.1** en beantwoord die vrae wat daarop volg.
- 2.1.1 (a) Identifiseer die weerstelsel wat aan die ooskus van Mosambiek geleë is (diagram **2** en **3**). (1)
 - (b) Verskaf TWEE bewyse vanaf die sinoptiese weerkaart om jou antwoord op Vraag 2.1.1 (a) te bewys. (2)
 - (c) Verskaf die breedtegraadsligging van hierdie weerstelsel wat jy in Vraag 2.1.1 (a) geïdentifiseer het, soos in Diagram 2 gevind. (1)

- 2.1.2 (a) Hoeveel weerstelsels insluitende die een getoon in **Figuur 2.1**, het reeds in hierdie gebied voorgekom? 1x2=(2)
- (b) Verduidelik jou antwoord op Vraag 2.1.1 (a). 1x2=(2)
- (c) Hierdie weerstelsel het verswak en uiteindelik uitgestorf soos wat dit na die hoër breedtegrade (d.w.s. verder van die ewenaar) beweeg het. Verklaar waarom dit uitsterf as dit na hoër breedtes beweeg. 2x2=(4)
- 2.1.3 Indien die weerstelsel soos geïdentifiseer in Vraag 2.1.1 (a) oor die land beweeg het, sou dit groot skade aan die omgewing aangerig het. Beskryf hoe die omgewing beskadig kan word. 3x2=(6)
- 2.1.4 (a) Watter benaming word vir die kern van hierdie weerstelsel gegee? 1x2=(2)
- (b) Beskryf TWEE weerstoestande wat in die kern van die stelsel ondervind sal word. 2x2=(4)
- 2.2 **Figuur 2.2 A** toon ? sketskaart van die Magaliesberge en Witwatersrand. Die Krokodilrivier en Hartbeespoortdam is duidelik sigbaar. **Figuur 2.2 B** toon ? dwarsdeursnit deur hierdie twee bergreekse.
- 2.2.1 (a) Wat is die geografiese term wat gebruik word om die geïllustreerde heuwels wat deur hellende lae veroorsaak is te beskryf? Is dit homoklinale rûe of koepels? (1)
- (b) Benoem die TWEE hange genummer **1** en **2**, soos aangetoon in **Figuur 2.2 B**. Toon aan watter een die eskarphang en watter een die duikhelling is. (2)
- (c) Wat is die grootste verskil tussen hange **1** en **2** sigbaar in **Figuur 2.2 B**? (2)
- (d) Watter EEN, hang **1** of hang **2**, is die geskikste vir boerdery? 1x2=(2)
- (e) Gee EEN rede vir jou antwoord op Vraag 2.2.1 (d). 1x2=(2)
- 2.2.2 (a) Bestaan die Magaliesberge en Witwatersrand uit weerstandbiedende of nie-weerstandbiedende rots? 1x2=(2)
- (b) Verskaf ? rede vir jou antwoord op Vraag 2.2.2 (a). 1x2=(2)
- 2.2.3 Die Krokodilrivier is ? permanente rivier.
- (a) Wat beteken dit as ? rivier permanent is? 1x2=(2)
- (b) Is die watertafel hoër of laer as die bedding van die permanente rivier? 1x2=(2)

- (c) Die bou van damme soos die Hartbeespoortdam speel ? belangrike rol in die beheer van vloede. Noem enige TWEE ander metodes wat toegepas kan word om vloede te beheer. 2x2=(4)
- (d) Die bou van damme kan ? belangrike bron van inkomste vir die omgewing wees, aangesien dit toeriste en daaglikse besoekers na die gebied lok. Noem TWEE ontspanningsaktiwiteite wat by die Hartbeespoortdam beoefen kan word. 2x2=(4)

2.3 Verwys na **Figuur 2.3**, wat ? voedselweb in ? ekosisteem toon.

- 2.3.1 Wat is ? voedselweb? (2)
- 2.3.2 Hoe verskil ? voedselketting van ? voeselweb? (2)
- 2.3.3 Wat is die hoofbron van energie van hierdie ekosisteem? (1)
- 2.3.4 Identifiseer EEN produsent aangetoon in hierdie voedselweb. 1x2=(2)
- 2.3.5 Identifiseer EEN herbivoor in hierdie voedselweb. 1x2=(2)
- 2.3.6 Identifiseer EEN karnivoor in hierdie voedselweb. 1x2=(2)

[60]

**AFDELING B
NEDERSETTINGSAARDRYKSKUNDE**

Beantwoord minstens EEN vraag uit hierdie afdeling.

VRAAG 3

3.1 Verwys na **Figuur 3.1**, wat landelike nedersettings toon.

- 3.1.1 (a) Waarom kan hierdie nedersetting as landelik geklassifiseer word? (1)
- (b) Identifiseer die nedersettingspatroon wat deur die landelike nedersettings getoon word as kern / kompak of verspreid / geïsoleerd. (1)
- (c) Gee EEN rede vir jou antwoord op Vraag 3.1.1 (b). (1)
- (d) Gee EEN sosiale voordeel van hierdie nedersettingspatroon vir die boer. 1x2=(2)
- (e) Deur te verwys na die diagram, noem TWEE fisiese faktore wat ? rol gespeel het in die keuse van standplase van hierdie nedersettings. 2x2=(4)

- 3.1.2 Die ontwikkeling van ? dorp word beplan by **A**.
- (a) Baie inwoners van hierdie vallei trek uit die omgewing weg om in groot stede te vestig. Verklaar waarom hierdie mense na die groot stede trek, met verwysing na stootfaktore. 2x2=(4)
- (b) Noem TWEE tipes dienste wat jy sou aanbeveel om by die beplande stad by **A** voorsien te word ten einde te verseker dat dit die lewens van die inwoners van hierdie vallei sal verbeter. 2x2=(4)
- 3.2 Met hulle aankoms in die stad, word die nuwelinge gekonfronteer met ? verskeidenheid stedelike grondgebruiksones en funksies. **Figuur 3.2** verteenwoordig ? blokgrafiek wat die persentasie van landgebruik en funksies in ? stad vanaf die SSK tot aan die buitewyke toon. Bestudeer **Figuur 3.2** goed voordat jy die vrae beantwoord.
- 3.2.1 (a) Waarvoor staan die afkorting SSK? (3)
- (b) Noem TWEE grondgebruiksones wat nie in die kern van die SSK voorkom nie. (2)
- (c) Watter EEN van die grondgebruiksones in Vraag 3.2.1 (b) genoem, kom aan die rand van die SSK voor? (1)
- (d) Noem enige TWEE hoë orde-handelsfunksies wat in die kern van die SSK gevind sal word. 2x2=(4)
- (e) Alhoewel kafee's lae orde-funksies is, word hulle algemeen in die SSK gevind. Verklaar waarom dit so is. 2x2=(4)
- 3.2.2 Huidig is daar baie winkels en kantore in voorstede. Hierdie proses waartydens winkels en kantore in die voorstede hervestig, staan bekend as kommersiële desentralisasie.
- (a) Noem TWEE redes waarom so baie winkels en kantore in die voorstede hervestig. 2x2=(4)
- (b) Wat kan in die SSK gedoen word om te verhinder dat soveel funksies na die voorstede verskuif? 2x2=(4)
- 3.2.3 (a) Watter persentasie van die grondgebruiksones word beslaan deur fabrieke en pakhuse aan die rand van die SSK? (1)
- (b) Sal hierdie nywerhede ligte of swaar nywerhede wees? 1x2=(2)
- (c) Waarom soek hierdie nywerhede ? randligging? 2x2=(4)

- 3.2.4 Buite die rand van die stad word die landelik-stedelike oorgangsonne gevind.
- (a) Wat is die landelik-stedelike oorgangsonne? (2)
 - (b) Noem TWEE stedelike funksies wat hier gevind word. $2 \times 2 = (4)$
 - (c) Waarom is hierdie tipe funksies hier geleë? $1 \times 2 = (2)$
 - (d) Baie mense wat in die landelik-stedelike oorgangsonne woon, is nie plaasboere nie. Waarom verkies hierdie mense dan om hier te woon? $1 \times 2 = (2)$
- 3.2.5 Die grafiek dui aan dat daar baie oop ruimtes in die stad voorkom. Waarom is dit belangrik om oop ruimtes / parke in die stad aan te hou? $2 \times 2 = (4)$
[60]

VRAAG 4

- 4.1 Verwys na **Figuur 4.1** wat ? landelike gebied toon en beantwoord die vrae wat volg.
- 4.1.1 (a) Identifiseer die nedersettingspatroon by **X** as kern / kompak of as verspreid / geïsoleerd. (1)
- (b) Gee EEN rede vir jou antwoord op Vraag 4.1.1 (a). (1)
- 4.1.2 (a) Gee EEN ekonomiese voordeel vir die boere wat by **X** woon. $1 \times 2 = (2)$
- (b) Gee EEN sosiale nadeel vir die boere wat by **X** woon. $1 \times 2 = (2)$
- 4.1.3 Die inwoners van **X** is kommersiële boere en dié by **Y** is bestaansboere. Verduidelik die verskil tussen ? kommersiële boer en ? bestaansboer. $2 \times 2 = (4)$
- 4.1.4 Baie van die inwoners van nedersetting **Y** trek na groter stede. Noem TWEE trekfaktore in die stad wat verantwoordelik is vir hierdie beweging. $2 \times 2 = (4)$
- 4.1.5 ? Bedrag van 5 miljoen, voorsien deur die HOP / RDP-fonds, is bewillig om ? gesondheidskliniek in hierdie landelike gebied te vestig. Jy word gekontak om ? kliniek by **B** te bou.
- (a) Waarvoor staan die letters HOP? (3)
 - (b) Behalwe vir gesondheidsorg, noem TWEE ander dienste wat ook in hierdie gebied voorsien behoort te word. $2 \times 2 = (4)$

- 4.1.6 Baie mense wat na die stad verhuis, woon uiteindelik in informele nedersettings (plakkerskampe), soos die een by **A**.
- (a) Beskryf wat ? informele nedersetting is. (2)
- (b) Waarom ontwikkel informele nedersettings? 2x2=(4)
- (c) Noem TWEE probleme wat inwoners van informele nedersettings sal ondervind. 2x2=(4)
- 4.2 Verwys na **Figuur 4.2** wat ? tipiese groot stad toon waarheen migrante vanaf die landelike gebiede sal verhuis. Die skets toon hoe drasties die stad na 1940 gegroei het. Bestudeer die skets deeglik voordat die volgende vrae beantwoord word.
- 4.2.1 Verklaar hierdie snelle groei van die stad met verwysing na die volgende terme:
- (a) Stedelike groei (2)
- (b) Stedelike uitbreiding (2)
- 4.2.2 (a) Beskryf die ligging van die SSK. 1x2=(2)
- (b) Gee ? moontlike rede vir die ligging van die SSK. 1x2=(2)
- (c) Waarom kan die SSK beskryf word as die mees toeganklike plek in die stad? 1x2=(2)
- (d) Omdat die stad so toeganklik is, lei dit tot geweldige verkeersopeenhopings in die SSK. Watter stappe kan geneem word om dié verkeersopeenhopings in die SSK te verminder? 2x2=(4)
- (e) Beskryf TWEE kenmerke van die SSK deur te verwys na gebouhoogtes en geboudigtheid. 2x2=(4)
- (f) Verklaar waarom hierdie kenmerke (soos in Vraag 4.2.2 (e)) voorkom. 2x2=(4)
- 4.2.3 Drie verskillende residensiële gebiede in die stad kan in **Figuur 4.2** gesien word.
- (a) Identifiseer die DRIE verskillende residensiële gebiede wat in die stad voorkom. (3)
- (b) Noem EEN faktor wat ? rol gespeel het in die ligging van die lae-inkomste residensiële gebied. 1x2=(2)
- (c) Noem EEN faktor wat ? rol gespeel het in die ligging van die hoë-inkomste residensiële gebied. 1x2=(2)

[60]

AFDELING C
SUID-AFRIKAANSE AARDRYKSKUNDE

Beantwoord minstens EEN vraag uit hierdie afdeling.

VRAAG 5

Gauteng Die kleinste van Suid-Afrika se nege provinsies, die digste bevolk en die rykste, maar Gauteng produseer meer as 30% van die B.B.P., het die hoogste per capita-inkomste en dien as die hart van Suid-Afrika se ekonomie. Die Witwatersrandkonurbasie is gerugsteun deur goud en hierdie metaal speel vandag nog steeds 'n belangrike rol, maar nie 'n dominante een nie. Swaar industrieë, vervaardiging, die handelsektor en finansiële en ander sektore is nou die hoofrolspelers.	Inligting: Gauteng Oppervlakte: 17 010 km ² Persentasie van totale oppervlakte van S.A.: 1,4% Bevolking: 9,2 miljoen Persentasie van totale bevolking: 19,7% Hoof taalgroepe: IsiZulu (21%) English (13%) Afrikaans (17%) Ekonomiese aktiwiteite: Goudmynbou, swaar en ligte nywerhede, bankwese, finansies en boerdery Persentasie van totale B.B.P.: 33,9% (Aangepas en vertaal uit <i>World Atlas for South Africans</i>)
---	--

- 5.1 Verwys na die inleidingsparagraaf, asook die kaart in **Figuur 5.1** voordat die vrae hieronder beantwoord word.
- 5.1.1 Wat is die hoofstad van Gauteng? (1)
- 5.1.2 Noem Gauteng se VIER buurprovinsies. (4)
- 5.1.3 Identifiseer die hoof permanente rivier wat die suidelike grens van die provinsie vorm. (1)
- 5.2 Verwys na **Figuur 5.2 A** en **5.2 B** wat die temperatuur en reënvalverspreiding van Johannesburg toon.
- 5.2.1 **Figuur 5.2 A** toon die gemiddelde daaglikse temperatuurspeling vir Januarie asook Julie. Die temperatuurspeling is die verskil tussen die maksimum en minimum daaglikse temperature.
- (a) Wat is die gemiddelde maksimumtemperatuur vir Johannesburg gedurende Januarie? 1x2=(2)
- (b) Wat is die gemiddelde minimumtemperatuur vir Johannesburg gedurende Januarie? 1x2=(2)
- (c) Bereken die gemiddelde temperatuurspeling vir Johannesburg deur die minimumtemperatuur van die maksimumtemperatuur vir Januarie af te trek. 1x2=(2)

- 5.2.2 **Figuur 5.2 B** toon die totale reënval vir Januarie en Julie.
- (a) Waarom is Januarie se reënval heelwat hoër as Julie s'n? 1x2=(2)
 - (b) Johannesburg ondervind konveksiedonderstorms gedurende die somermaande. Verduidelik hoe hierdie tipe donderstorms ontstaan. 2x2=(4)
 - (c) Donderstorms gee aanleiding tot grootskaalse gronderosie. Verklaar waarom. 2x2=(4)
- 5.2.3 Die klimaat van Gauteng kan ? groot verskeidenheid natuurlike plantegroeitipes onderhou, meesal in die vorm van grastipes.
- (a) Is natuurlike plantegroei ? hernieubare of nie-hernieubare hulpbron? 1x2=(2)
 - (b) In Gauteng neem mynbou en stedelike uitbreiding teen ? geweldige tempo toe. Bespreek hoe die natuurlike plantegroei (grasse) deur hierdie ontwikkelings geraak is. 2x2=(4)
 - (c) Stel moontlike oplossings voor om hierdie wanbalans in die natuurlike plantegroei teë te werk. 2x2=(4)
- 5.3 Die natuurlike hulpbronne van Gauteng het ? groot aantal mense hierheen gelok. Maar, soos wat die bevolkingsdigtheid toeneem, neem die vernietiging van die omgewing ook toe. Bespreek hoe ? toename in bevolkingsdigtheid in Gauteng die volgende aspekte sal beïnvloed:
- 5.3.1 Werkverskaffing 1x2=(2)
 - 5.3.2 Besoedeling 1x2=(2)
 - 5.3.3 Behuising 1x2=(2)
 - 5.3.4 Waterbronne 1x2=(2)
- 5.4 Mynbou het ? belangrike rol in die ekonomie van Gauteng asook in Suid-Afrika as ? geheel gespeel.
- 5.4.1 Is mynbou ? primêre, sekondêre of tersiêre ekonomiese aktiwiteit? (1)
 - 5.4.2 Noem TWEE voordele van mynbou vir die ekonomie van Gauteng. 2x2=(4)
 - 5.4.3 Bespreek TWEE probleme wat die mynbousektor ondervind. 2x2=(4)
- 5.5 Gauteng beskik oor ? baie belangrike nywerheidsgebied in die PWV-area.
- 5.5.1 Waarvoor staan die letters PWV? (3)
 - 5.5.2 Watter TWEE faktore het nywerhede na hierdie gebied gelok? (2)

- 5.5.3 Noem TWEE tipes nywerhede wat in die PWV-gebied gevind kan word. (2)
- 5.5.4 Bespreek die impak van MIV/Vigs op die arbeidsmag van hierdie nywerhede. 2x2=(4)

[60]

VRAAG 6

Die Drakensberge

Dié indrukwekkende reeks berge, bekend as die Drakensberge, is deel van die Groot Eskarp wat, eerder soos 'n reus se perdeskoen, suidwaarts strek, dan oos-wes en weer noordwaarts om 'n U-vorm aan te neem, wat die relatief smal kusvlaktes van die groot plato van die binneland van mekaar skei. Die reeks is op sy hoogste in Lesotho. In visuele terme is dit op sy indrukwekkendste in die ooste, waar die hoogtes met ongeveer 2 000 m val na die groen middellande van KwaZuluNatal.

Oorgeneem en vertaal uit *Traveller's Guide to South Africa* (Peter Joyce)

- 6.1 Verwys na die inleidingsparagraaf, asook **Figuur 6.1** voordat die volgende vrae beantwoord word.
- 6.1.1 Die Drakensbergreeks toon die einde van die binnelandse plato aan. Definieer die term plato. (2)
- 6.1.2 (a) Wat is die naam van Suid-Afrika se buurstaat waarin 'n deel van die Drakensbergreeks gevind word? (1)
- (b) Noem enige DRIE provinsies waaroorheen die Drakensbergreeks strek. (3)
- 6.2 Die Drakensbergreeks vorm ook 'n waterskeiding en baie riviere het hulle oorsprong hier.
- 6.2.1 Definieer die terme waterskeiding en oorsprong. 2x2=(4)
- 6.2.2 Vanaf hulle oorsprong in die Drakensberge, volg die riviere hulle weg na die kus.
- (a) Na watter oseaan vloei hierdie riviere wat die oostelike kusvlakte dreineer? 1x2=(2)
- (b) Na watter oseaan vloei die riviere wat die binnelandse plato weswaarts dreineer? 1x2=(2)


- 6.2.3 Teken onderstaande tabel in jou antwoordboek oor en vergelyk die riviere wat die kus dreineer, met die riviere wat die plato dreineer. Kies jou antwoorde uit die woorde tussen hakies. (6)

	Kusriviere	Platoriviere
Lengte (lank/kort)		
Snelheid (hoog/laag)		
Erosievermoë (hoog/laag)		

- 6.3 Die Oranjerivier, wat sy oorsprong in die Drakensberge het, is deel van die Lesotho Hooglandprojek. Verwys na **Figuur 6.3** wat hierdie oordragskema toon.
- 6.3.1 Hierdie wateroordragskema was noodsaaklik vir die PWV nywerheidsgebied in Gauteng. Verklaar hoekom. 1x2=(2)
- 6.3.2 Na watter rivier in Suid-Afrika word die water vanaf Lesotho gepomp? 1x2=(2)
- 6.3.3 Behalwe vir die oordrag van die water, watter ander voordeel hou die bou van dié skema in? 1x2=(2)
- 6.3.4 Die konstruksie van hierdie wateroordragskema beteken nie net die bou van damme nie, maar ook die aanlê van ? hele nuwe infrastruktuur (kommunikasienetwerk). Bespreek die
- (a) voordele van hierdie konstruksie vir die mense van Lesotho. 2x2=(4)
- (b) nadele van hierdie konstruksie vir die mense van Lesotho. 2x2=(4)
- 6.3.5 Hierdie wateroordragskema het ook ? invloed op toerisme in Lesotho.
- (a) Waarom word toerisme beskou as ? tersiêre ekonomiese aktiwiteit? 1x2=(2)
- (b) Bespreek die impak van toerisme op
- (i) die ekonomie. 1x2=(2)
- (ii) die omgewing. 1x2=(2)
- 6.4 Omgewingsbewing word wyd beoefen in die baie natuurreservate en landelike gebiede in die Drakensberge.
- 6.4.1 Wat word bedoel met omgewingsbewaring? (2)
- 6.4.2 Verskaf ? rede waarom natuurbewaring noodsaaklik is. 1x2=(2)

- 6.4.3 Bespreek waarom die volgende omgewingsprobleme steeds in die landelike gebiede van die Drakensberge bestaan:
- (a) Gronderosie 1x2=(2)
 - (b) Besoedeling 1x2=(2)
 - (c) Plantegroeiwanbalans 1x2=(2)
- 6.5 Bevolkingsdigtheid in die omgewing van die Drakensberg is baie laag en baie inwoners word meesal nie voorsien van basiese behoeftes nie.
- 6.5.1 Verskaf TWEE voorbeelde van basiese behoeftes. (2)
- 6.5.2 Die HOP is ? ontwikkelingstrategie om die voorsiening van basiese behoeftes aan te spreek.
- (a) Noem enige TWEE probleme wat gepaard gaan met die implementering van die HOP. 2x2=(4)
 - (b) Wat kan die HOP doen om die tekort aan basiese dienste aan die landelike bevolking in die Drakensberggebied aan te spreek? 2x2=(4)
- [60]**
- TOTAAL: 240**

**SENIOR CERTIFICATE
EXAMINATION
*SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN***



**FEBRUARY / MARCH
*FEBRUARIE / MAART***

2006

**GEOGRAPHY
DIAGRAM BOOK
*AARDRYKSKUNDE
DIAGRAMBOEK***

**First Paper : Theory
*Eerste Vraestel : Teorie***

SG

502-2/X

8 pages / bladsye



FIGURE 1.1

FIGUUR 1.1




FIGURE 1.2

FIGUUR 1.2




FIGURE 1.3

FIGUUR 1.3




FIGURE 2.1

FIGUUR 2.1




FIGURE 2.2A

FIGUUR 2.2A

FIGURE 2.2B

FIGUUR 2.2B





FIGURE 2.3

FIGUUR 2.3




FIGURE 3.1

FIGUUR 3.1





FIGURE 3.2


FIGUUR 3.2



Land use / Grondgebruik


- | | | | |
|--|-------------------------------------|--|---|
| | residential
residensieel | | industry and warehouses
nywerhede en pakhuisse |
| | open space
oop grond | | offices
kantore |
| | public buildings
openbare geboue | | shops
winkels |

FIGURE 4.1




	Traditional homes
	Farmsteads
	Roads
	Railway lines
	Town
	Station
	Sheds
	Rivers
	Factories

FIGURE 4.2




FIGUUR 4.1



	Tradisionele wonings
	Plaasopstalle
	Paasie
	Spoorlyne
	Dorpe
	Stasie
	Skure
	Riviere
	Fabrieke

FIGUUR 4.2



FIGUUR 5.1






FIGURE 5.1

FIGURE 5.2A
 FIGUUR 5.2A



Average daily temperature
 Gemiddelde daaglikse temperatuur

FIGURE 5.2B
 FIGUUR 5.2B



Rainfall
 Reënval

FIGUUR 6.1




FIGURE 6.1

FIGUUR 6.3





FIGURE 6.3

**SENIOR CERTIFICATE
EXAMINATION
*SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN***



**FEBRUARY / MARCH
*FEBRUARIE / MAART***

2006

**GEOGRAPHY
DIAGRAM BOOK
*AARDRYKSKUNDE
DIAGRAMBOEK***

**First Paper : Theory
*Eerste Vraestel : Teorie***

SG

502-2/X

8 pages / bladsye



FIGURE 1.1

FIGUUR 1.1




FIGURE 1.2

FIGUUR 1.2




FIGURE 1.3

FIGUUR 1.3




FIGURE 2.1

FIGUUR 2.1




FIGURE 2.2A

FIGUUR 2.2A

FIGURE 2.2B

FIGUUR 2.2B





FIGURE 2.3

FIGUUR 2.3




FIGURE 3.1

FIGUUR 3.1





FIGURE 3.2


FIGUUR 3.2



Land use / Grondgebruik


- | | | | |
|--|-------------------------------------|--|---|
| | residential
residensieel | | industry and warehouses
nywerhede en pakhuisse |
| | open space
oop grond | | offices
kantore |
| | public buildings
openbare geboue | | shops
winkels |

FIGURE 4.1




	Traditional homes
	Farmsteads
	Roads
	Railway lines
	Town
	Station
	Sheds
	Rivers
	Factories

FIGURE 4.2




FIGUUR 4.1



	Tradisionele wonings
	Plaasopstalle
	Paaië
	Spoorlyne
	Dorpe
	Stasie
	Skure
	Riviere
	Fabrieke

FIGUUR 4.2



FIGUUR 5.1






FIGURE 5.1

FIGURE 5.2A
 FIGUUR 5.2A



Average daily temperature
 Gemiddelde daaglikse temperatuur

FIGURE 5.2B
 FIGUUR 5.2B



Rainfall
 Reënval

FIGUUR 6.1




FIGURE 6.1

FIGUUR 6.3




FIGURE 6.3